

21 Junie Kolossense 3:1-4

(Teks: 1:1 en 2)

Rig jou aardse lewe op Christus in die hemel

'n Boer wat draad span kyk goed na die hoekbaken voor hom en slaan al die ander pale so in dat hulle op een lyn met die baken is.

Wat is die baken? Verwysingspunt van jou lewe?

Wat dui die koers van jou lewe aan?

Leef jy net vir jouself?

Word al jou tyd en energie gerig op 'n hoë lewenstandaard of sukses in jou studies of jou beroepswerk?

Kol 1:1-2 sê: Daar is net een onfeilbare Baken: Jesus Christus!

Hy sit aan die regterhand van die Vader in die hemel.

Hy alleen is die getroue Verlosser en almagtige Regeerder.

Rig jou lewe op Hom!

Bring jou sonde en gebrokenheid op een lyn met sy genade.

Rig jou dwaasheid op die leiding van sy Woord.

Lê jou bekommernis voor sy hulp en krag.

Rig jou gesondheid, finansies, dagtaak en verhoudinge op sy wil.

Waarom? Omdat Hy eis dat jy aan Hom onderdanig sal wees. Dit is sy eer dat jy uit sy volheid leef. Hy duld geen kompetisie nie. En buite Hom is alles leeg en sonder betekenis.

Sing Psalm 121:1

Dr. V. Combrink (Andeon)